



WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inougurele Redes Nr. 15

**GOD EN MENS IN DIE
KERKGESKIEDSKRYWING**

G.C.P. van der Vyver

Potchefstroomse Universiteit vir CHO
1976

GOD EN MENS IN DIE KERKGESKIEDSKRYWING

1. INLEIDING

„Ons geslacht stikt van de angst, de angst voor de mens, voor zijn toekomst, voor de richting waarin wij tegen wil en dank gedreven worden”, so sien Berkhof (1962, p. 7) die gemoedslewe van die hedendaagse mens. Vanwaar hierdie verstikking in sy angs? Dit is omdat soveel „zekerheden” (Klapwyk, 1970, p. 2) waarop hy sy toekoms gebou het, besig is om te tuimel.

In hierdie afbraakproses het ons 'n deurwerking van die historisme van Troeltsch wat volgens Meinecke (soos aangehaal deur Klapwyk, 1970, p. 1) een van die grootste geestelike revolusies is wat die Avondland ooit beleef het. Dit skud die westerse beskawing tot in sy fundamente.

Met sy historiese kritiese metode wil Troeltsch (Klapwyk, 1970, p. 91 e.v., Christelike Encyclopaedie, 1961, VI:411, Berkhof, 1962, p. 91) deur historiese kritiek, deur analogie en korrelasie alle gebeure verklaar. Die noodsaaklikheid van historiese kritiek impliseer dat geen enkele mededeling by voorbaat vas staan, dat geen enkel gesag sonder meer geloofwaardig is, dat dan ook alle beweringe slegs waarskynlikheidsoordele moet heet. Hierdie oordele word telkens verander en verbeter „maar blijven waarskynlikheidsoordelen... Geen gevestigde mening, geen uitwendige instantie, doch de historiese kritiek spreek in dezen het laatste woord ... Dat geldt ook met betrekking tot alle godsdienstige overlevering. Haar wetenskaplike bestudering beteken nu eenmaal dat zij gedaagd en getoetst wordt voor de rechtbank van de historische kritiek. Het gezag van de Bybel, van de kerk en wat dies meer zij kan op modern – wetenskaplike standpunt niet ongewijzigd blijven” (Klapwyk, 1970, p. 91). Die historiese kritiek wat also vir die laaste woord opeis sluit dus enige deurbraak vanuit 'n transendente punt in die historiese gebeure uit.

So het die historisme van die laat 19e eeu uitgekóm by 'n anargie van waardes. Elke norm en oortuiging is 'n tydelike verskynsel, 'n verbygaande gebeure. Alles is histories ook kerkhistories betreklik.

Die moderne lewensbesef is deur hierdie metode en probleemstelling van die historisme gestempel. Die aksente is verskuif. In plaas van rustige bewaring van die goeie en waardevolle uit die verlede van waaruit gebou word aan die toekoms val die klem nou op progressie, nie die band met die historiese gegroeié dog die breuk met die bestaande (Klapwyk, 1970, p. 3) is die slagspreuk van die dag. Hierdie gees van die rewolusie wat voortdurend vra na die nuwe en voortjagend vooruitgryp na 'n aktualiserende toekoms verwek die onrus die onsekerheid en die angs van die hede.

Vervul met skepsis oor hede en toekoms, het 'n moegheid en uitsigloosheid oor die westerse mens toegesak. Sy sin vir die historiese het hy verloor.

Vir doelgerigte gebeure, volgens 'n vaste plan het hy geen begrip meer nie en in 'n toekoms waarvoor „het waard is om te leven en te sterven” (Berkhof, 1962, p. 25) glo hy nie meer nie. Dit kan nie anders nie. As jy die „Sinn für das Geheimnis” nog meer, as jy „das Interesse am Geheimnis” (Chambon, 1957, p. 130) verloor het, en daarmee God dood verklaar en uitban uit die loop van die eeue moet dit uitloop op 'n diepe vertwyfeling.

Die vraag van Polak (1955, II:33, soos aangehaal deur Berkhof, 1962, p. 30) dring hom aan ons op: „Ons nageslacht klopt reeds aan de poort. Aan de poort van het gesloten, stervend Ryk der toekomst. Zullen wij het aan zijn lot overlaten...” Of Polak hierop 'n bevredigende antwoord gegee het daarop gaan ons nie verder in nie, in elk geval beklemtoon die vraag dat daar 'n antwoord gegee moet word.

As gelowiges van Gereformeerde oortuiging het ons 'n antwoord en daarom 'n hoë roeping. Ons het 'n boodskap aan hulle wat die sinloosheid en betreklikheid tot norm en ideaal verhef. Die antwoord is dat die God van die Heilige Skrif, die God waarin ons glo, die gang van die eeue bepaal en dat die mens daarin 'n besondere plek beklee. Ons het naamlik in die kerkgeskiedenis te doen met die lewende God, met sy raadsplan, met die Koning Jesus Christus wat Hyself gesalf het en met die einddoel die telos (Kuyper, 1909, III:264) waartoe Hyself besluit het. In die loop van die geskiedenis vervul Hy dus sy raad, dit is die goddelike werking in die geskiedenis maar Hy vervul dit deur die arbeid van mense heen, dit is die menslike faktor. (Kuyper, 1909, III:264-265). Hiervoor vra ons u welwillende aandag. Anders gestel, ons wil ten opsigte van die kerkgeskiedskrywing nagaan wat die plek is van God as die causa prima in die ontplooiing van die kerkgeskiedenis en die plek van die mens, die causa secunda (Kuyper, 1900, p. 21), en dié verband tussen beide.

2. DIE PROBLEEMSTELLING IN HISTORIESE PERSPEKTIEF

Die kerkgeskiedenis het as vakwetenskap 'n eie plek binne die Encyclopaedie van die Teologiese wetenskap. Hierdie eie plek word bepaal deur onder andere die beginsels van waaruit die vak beoefen word en die besondere studie-objek, doel en metode. (Vergelyk Kuyper, 1909, III: p. 260 e.v. Dit word eweneens beklemtoon deur Kuyper, 1900, p. 7. Vergelyk ook Jedin, 1962, I:p.1-11).

Dit wil egter nie sê dat die Kerkgeskiedenis geheel los staan van die Algemene Geskiedenis of vice versa nie. Wat die inhoudelike aanbetref is dit 'n bekende feit dat vir 'n groot deel die Algemene Geskiedenis eintlik die geskiedenis van die kerk is en dat die Kerkgeskiedenis op sy beurt, vir 'n verantwoorde vakwetenskaplike benadering, wel deeglik rekening moet hou met die “Umwelt” waarin die kerk voort beweeg. Hierdie wisselwerking

ten opsigte van die materie geld ook vir die algemene beginsels ten opsigte van die geskiedskrywing. Tereg sê H.H. Kuyper in dié verband: „De algemene beginselen, die op het gebied der historie gelden, zijn voor beide gelijk en moeten door de Kerkhistorie aan de zoogenaamde “Prinzipienlehre der Geschichte” worden ontleend. De eenheid van het menschelijk bewustzijn stelt dit onverbiddelijk tot eisch” (Kuyper, 1900, p. 7).

In die hiervolgende oorsig van hoe in die loop van die geskiedenis gedink is oor die plek van die *causa prima* en *causa secunda* in die kerkgeskiedskrywing sal dit ook wel duidelik blyk dat daar wedersydse wisselwerking en beïnvloeding was ten opsigte van die “Prinzipienlehre der Geschichte”. In die formulering hiervan het die wysgerige denke as gedagtevormende en rigtinggewende wetenskap ’n belangrike sê gehad.

Eusebius van Cesarea (265-339) wat deur Bihlmeyer (1966, I:21) met reg „Vater der Kirchengeschichte” genoem word, se hoofwerk *Ekklesiastikê Historia* het in 312 verskyn. (Nigg, 1934, p. 7 sê van Eusebius die volgende: „Euseb eröffnet die lange Reihe der Historiker, die sich die Aufgabe gestellt haben, eine Geschichte der christlichen Kirche zu schreiben”. Hy het die werk van die kerkhistorikus as iets heiligs opgeneem as gevolg van sy besondere siening op die verhouding van die feitlike gebeure tot God. Alle gebeure het hy „aus dem unmittelbaren Eingreifen Gottes” (Nigg, 1934, p. 26) afgelei en aardse bronne het hy eensydig uit aardse motiewe verklaar. Hierdie eensydig dualistiese beklemtoning van of die goddelike of die aardse het hom in teenstrydighede laat verval.

Augustinus het aan beïnvloeding van Eusebius nie geheel ontkom nie. Met sy *Civitas Dei* en *Civitas terrena* het hy eweneens ’n dualistiese siening op die geskiedenis. In die *Civitas Dei* sien hy die domein van God en in die *Civitas terrena* bemerk hy alleen die inwerking van satan (Kuyper, 1900, p. 22). Volgens Kuyper het hy te ’n abstrakte opvatting oor die providentia Dei, en deur die eensydige beklemtoning van die ingryping van hetsy God of satan, die indruk gewek dat die mens bloot ’n speelbal was van supranaturele faktore (Kuyper, 1900, p. 21).

Sy geskiedbeskouing dra beslis ’n „theosentrisch karakter” (Smit, 1955, p. 7).

Alhoewel Augustinus groot invloed op hulle uitgeoefen het, was die reformatore tog meer terughoudend om die geskiedenis binne hierdie raamwerk te sien. Luther het groot waardering vir die geskiedenis. Hy betreur dit „daz ich nicht mehr Poeten und historien gelesen habe” en dat hy in die plek daarvan „des Teufels Dreck, die Philosophos und Sophisten” (Nigg, 1934, p. 42) gelees het. Luther het ook wel in lyn met Augustinus die geskiedenis gesien as ’n groot stryd tussen Christus en die Bose maar het tog wel die betrokkenheid van die mens (Berkhof, 1962, p. 20) daarin beklemtoon.

Calvyn het eweneens ’n sterk teosentriese siening op die geskiedenis ge-

had. (Ons verwys graag na 'n kort artikel . Van der Walt, 1970, p. 28-30). God regeer die wêreld en in die opvolging van die gebeurtenisse sien hy God se beskikking. Hy sny elke gedagte van die fortuna (toeval) en fatum (noodlot) af. Calvyn sien ook wel dat Christus in die sentrum van die geskiedenis staan en dat Satan in 'n geweldige stryd met Hom gewikkel is. Hy ken egter in hierdie stryd aan die mens 'n besondere plek toe as die werktuig waardeur God sy raadsplan uitvoer. So het elke mens in die geskiedenis 'n bepaalde plek.

Die na-reformatoriese tyd word gekenmerk deur 'n groot spraakverwarring ten opsigte van die sin van die kerkgeskiedenis en die plek van God en die mens daarin. Johann Lorenz Mosheim wat deur Heussi „der Vater der protestantischen Kirchengeschichte” (Jedin, 1962, p. 41) genoem word het in sy „Institutiones historiae ecclesiasticae antiquioris” kerkgeskiedenis gedefinieer as die „umsichtige und wahrheitsgemäße Erzählung aller äusseren und inneren Ereignisse in jener Gesellschaft von Menschen, die von Christus ihren Namen hat, in der Absicht, durch die Verbindung von Ursache und Wirkung die bei ihrer Stiftung und Erhaltung wirkende Göttliche Vorsehung zu erkennen und dadurch fromm und weise zu werden” (Jedin, 1962, p. 42). Sonder om God se werk in die ontplooiing van die Kerkgeskiedenis uit te skakel het hy tog die mens „in ihren Mittelpunkt” gestel en die kerk as 'n menslike instelling in sy geskiedenis onderwerp aan dieselfde wette en metodes as die Algemene geskiedenis. As verteenwoordiger van die pragmatiese kerkgeskiedskrywing het hy alle gebeure probeer verklaar binne 'n oorsaak-gevolg skema (Jedin, 1962, p. 421. Vergelyk ook Acquoy, 1910, p. 145). Ander verteenwoordigers van die pragmatiese metode is Schroeck, Spittler en Planck.

In die tweede helfte van die agtiende eeu ontwikkel naas die pragmatiese kerkgeskiedskrywing die ideologiese. Dit het as voedingsbodem die filosofiese begrippe en metode van die Duitse idealisme van Hegel. Hy gaan uit van die grondveronderstelling dat alles wat gebeur die gevolg is van een of ander leidende idee. Die idee as leidsvrou sorg vir die verstandige voortgang van die geskiedenis. (Vergelyk Acquoy, 1910, p. 146, Jedin, 1962, p. 4 en Berkhof, 1962, p. 21-22). In plaas van die *idee* spreek Hartvelt (1971) van die *Absolute Geist* by Hegel wat die proses van die geskiedenis aan die gang hou. Hegel se teorie is in die kerkgeskiedskrywing toegepas deur Baur. (Acquoy, 1910, p. 146; Jedin, 1962, p. 4). In sy *Epochen der kirchlichen Geschichtschreibung* het Bauer God en sy voorsieninge bestel, asook die mens in sy verantwoordelikheid as geroepene in die kerkgeskiedskrywing uitgeskakel en dit vervang met 'n subjektivistiese mensgekonstrueerde leidende idee (Acquoy, 1910, p. 146).

Die ideologiese kerkgeskiedskrywing van Bauer moes na 'n kortstondige opbloeie plek maak vir die positivistiese. Die grootmeester hiervan is Auguste Comte met sy sesselige *Cours de philosophie positive*. Teenoor die

ideologiese metode wou Comte van geen idee in die geskiedskrywing weet nie. „Fel antimetafisiesch” (Klapwijk, 1970, p. 90) wou hy die geskiedenis verklaar volgens die metode van die natuurwetenskappe. Dit gaan uit van die gedagte dat die natuur waartoe ook die mens behoort deur vaste natuurwette beheer word (Kuyper, 1900, p. 12). Dieselfde wette maak hy van toepassing op die geskiedskrywing. Om tot die wette deur te dring moet die metafisiese en die besonder menslike in die geskiedenis uitgeskakel word en word dit ’n „chemisches physikalisches Proces”, (Kuyper, 1900, p. 13), die geskiedenis word ’n natuurwetmatigheid. Om hierdie rede verkies Acquoy (1910, p. 147) die benaming nomologiese geskiedskrywing.

Dit is vanselfsprekend dat hierin geen plek meer is vir God en sy voorsienige bestel en vir die verantwoordelijkheid van die mens nie. Die loop van die eeue word ’n noodsaaklike wetmatige proses, groot manne soos Luther en Calvyn is nie geroepenes en begenadigdes van God nie, hulle is maar net produkte van die geskiedenis. Tot watter godslasterlikhede die positivistiese kon daal blyk uit die uitspraak van Bourdeau: Ongeag Jesus sal die noodsaaklike waarheid van elders kom. Volgens Apollonius de Tyane sou dit God gewees het. Maar Hy kom te laat, die plek is reeds geokkupeer (Bourdeau, L. „L. Historie et les Historieus, p. 93. In die oorspronklike lui dit: A defant de Jésus, la verite, necessaire serait venue d’ailleurs. An besoin, Apollonius de Tyane aurait été Dieu. Mais il vint trop tard la place était occupee”. Aangehaal deur Kuyper, 1900, p. 14.

Ons wys nog op die empiriese metode van Von Ranke wat in die kerkgeskiedskrywing deur J.G.R. Acquoy toegepas is. Deur ’n kritiese bestudering van die bronne en deur ’n onpartydige interpretasie moet tot ’n objektief ware verhaal gekom word. Die historikus se lewensbeskouing mag by die verklaring van die feite geen woord meespraak nie, intendeel, „eenvoudig de feiten te laten spreken” bly vir Acquoy (1910, p. 160) die ideale geskiedskrywing.

Die krigelowige geskiedskrywer mag selfs nie eers ’n prinsipiële uitspraak gee oor „reliquien vereering, kettervervolging of aflaathandel” (Acquoy, 1910, p. 160). Die enigste oordeel wat gefel mag word is of ’n verskynsel in die gang van die historiese ontwikkeling pas of nie (Kuyper, 1900, p. 15). Vanselfsprekend mag in hierdie geskiedskrywing die providentia Dei nie in berekening gebring word nie. Dit is ’n saak van die geloof en het geen plek in die wetenskap. Natuurlik kom die mens in sy verantwoordelijkheid ook nie tot sy reg nie. Hy is meer ’n faktor in ’n evolusionistiese proses soos Van Humboldt dit kernagtig saamgevat het: „die Schicksale des Menschengeschlechts rollen fort, wie die strome vom Berge dem Meere zufließen, wie das Feld Gras und Kräuter sprieszt” (Kuyper, 1900, p. 16).

Teen dié agtergrond van verwarring en die nog steeds deurwerkende invloed van die historisme verbaas dit nie dat denkers van veral na die tweede wêreldoorlog hulle nog steeds besig gehou het met die sin van die wêreldge-

beure en die kragte wat daarin werksaam is. Met sy eksistensialisme het Jean-Paul Sartre die moderne denke, ook ten opsigte van die geskiedbeskouing, oorheersend beïnvloed. Uitgaande van die steeds eksisterende of wordende mens kom hy tot die konklusie dat die mens self geskiedenis is. So vat Zuidema (1948, p. 5) dit saam: „De mensch maakt geen geschiedenis, bouwt geen cultuur dan alleen doordat hij de geschiedenis van zichzelf is en maakt en zichzelf bouwt”. So is van God in die geskiedenis geen sprake nie en is dit slegs menslike selfkonstituering, wat uiteindelik uitloop op 'n sinlose absurditeit en nuttelosheid. Ons noem nog slegs enkele name (Ons maak hiervoor met erkentlikheid vryelik gebruik van Berkhof, 1962, p. 27 e.v.). Karel Jaspers sien in sy *Von Ursprung und Ziel der Geschichte* die sin van die geskiedenis in die eenwording van die mensheid. Maar daarby erken hy: „Diese Einheit kann nicht wirklich werden. Das Eine ist Vielmehr der unendlich ferne Bezugspunkt, der Ursprung und Ziel zugleich ist; es ist das Eine der Transzendenz”. Hier moet God in hierdie wêreld plek maak vir die vae begrip „Einheit” en die mens word 'n uitsiglose gryper na die „Einheit” sonder om ooit sy doel te bereik. Dit bly 'n uitsiglose en daarom troostelose blik op die geskiedenis.

Bultmann, eweneens soos Jaspers, soek die sin van die geskiedenis in die eksistensialistiese tradisie. Om te eksisteer beteken vir Bultmann om op die toekoms gerig te wees. Sy eksistensie vra egter voortdurend beslissinge, wat vanuit die verlede op die toekoms afgaan. Daar is dus geen sin daarin om te vra na die doelgerigtheid van die geskiedenis. Dit is duidelik dat Bultmann hiermee die voortgang en eindpunt van die geskiedenis soek in die eksisterende mens. Hy kom in die plek van God en sy raad.

Einde 1970 het 'n boek verskyn uit die pen van Jacques Monod: *Le hasard et la necessite. Essai sur la philosophie naturelle de biologie moderne*. Hy is bioloog van internasionale faam. Hy betoog dat die mens niks meer as puur toeval is nie en dat van evolusie op weg na 'n verlore paradys geen sprake is nie. Voortgang van die menslike geslag, dus die geskiedenis, is 'n aaneenskakeling van onvoorspelbare veranderinge. Die mens het op 'n absurde wyse ontstaan en hy is tot die einde van sy geskiedenis aan die absurditeit oorgelewer.

By verteenwoordigers van die sogenaamde nuwere *teologie*, as hier nog van 'n teologie as wetenskap sprake kan wees, is daar ook 'n onmiskenbare aanslag op ons Skrifgebonde siening op die geskiedenis. Ons noem enkele voorbeelde.

Dorothee Sölle (1972, p. 9-21) reken konsekwent en sonder omweë af met die *ou godsbeeld*. Sy beweer dat die moderne mens nie meer in 'n Almagtige persoonlike God kan glo nie, wat alle dinge regeer, tot wie ons kan bid, wat na ons luister en alles bepaal. So 'n mitiese of metafisiese God, aldus Sölle, is dood. Daar is geen „relatie van onmiddelykheid” meer tussen God en wêreld. Ons moet in hierdie wêreld lewe asof Hy nie meer bestaan

nie. Dit is „uit met die koninklyke attributen van God, zyn heerschappÿ, zyn almacht, zyn troon” (Sölle, 1972, p. 10).

God het wel ’n verteenwoordiger op aarde in Jesus Christus wat Hom horisontaal ontferm het oor armes, verdruktes, hongeriges, ens. Ons moet ons, soos Hy, met die mens identifiseer en hoop op ’n tyd dat God Hom weer sal openbaar. Ons moet dus leef asof God nie bestaan nie, in die geskiedenis nie werk nie. Ons is dus met die geskiedenis op weg na God toe maar nou is ons sonder God.

Wolfhart Pannenberg (1972, p. 24-36) hou hom eweneens besig met die verhouding God wêreld dit is God en die geskiedenis.

Hy sluit in sy teologie ten nouste aan by Fenerbach wat God bloot as ’n projeksie van die mens gesien het. Die mens projekteer sy menslike eienskappe op die skerm van die ewigheid. Vir ’n transendente God is daar geen plek nie. Vir Pannenberg word God dan die God van die toekoms. God is sy heil wat kom, die *Ganzheit* van die toekoms.

Tweedens handel hy met die begrip oorskryding. Die mag van die toekoms, dit is God, is ingebou in die wêreldgeskiedenis. Dit is eie aan die geskiedenis van die wêreld om hom vanuit die mag van die toekoms telkens weer te oorskry, telkens weer anders te wees.

Derdens as God dan die mag van die toekoms is, die eenheid, die totaliteit, die *Ganzheit* van alle dinge in die toekoms dan is dit duidelik dat God as mag van die toekoms nog nie is nie maar straks sal wees.

Vir Paul Tillich (1972, p. 41-54) is God die toekomstige eenheid van die wêreld. God is ’n ander woord vir eenheid, vrede, harmonie, identiteit. So is die geskiedenis ’n proses van die verwesenliking van die uiteindelijke identiteit, ’n verwesenliking van God. Tillich spreek van die proses van die goddelike lewe. In so ’n visie op God en die geskiedenis is daar vanself nie ’n plek vir die God van die Skrif nie.

Ten slotte nog net ’n verwysing na Teilhard de Chardin (1972, p. 57-69). Vir hom is die geskiedenis ’n voortstuwing na die uiteindelijke eenwording van God en die wêreld. So is die hele geskiedenis vir hom heilsgeskiedenis en wel in die sin dat nie net die wêreld nie maar ook God ’n geskiedenis deurloop tot by sy voltooiing.

Marx en die daaruit voortspruitende kommunisme soek die sin van die geskiedenis in die materie. Die stryd van die klasse dryf die geskiedenis voort totdat die mag oor die produksiemiddele, die proletariaat toeval. In hierdie klaslose maatskappy vind die geskiedenis sy doel en eindpunt.

Terwyl die westerse mens verlam word deur ’n besef van sinloosheid is daar by die kommuniste ’n rotsvaste oortuiging omtrent die sin van die geskiedenis.

Die kerk van Jesus Christus staan temidde van hierdie uitsigloosheid. ’n Antwoord op die vraag vanwaar hy kom en waarheen hy gaan is brandender as ooit. Dit bring ons nou by ’n formulering van eie standpunt oor die

verhouding God en mens in die kerkgeskiedskrywing.

3. GOD IN DIE KERKGESKIEDSKRYWING

In antwoord op die vraag wat die verband is tussen God en die geskiedenis van sy kerk moet ons lig soek by sy Woord, die principium cognoscendi, ook vir die kerkgeskiedskrywing.

In Openbaring 5 het ons die locus classicus ten opsigte van die verhouding van die ewige raadsbesluit van God en die wêreldgeskiedenis.

Johannes kyk deur 'n geopende deur tot in die hemel en hy beskryf wat hy sien: En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit (Kathemenou epi tou thronou) 'n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël) (vers 1).

Wie is Hy wat sit op die troon? Blykens hoofstuk 4:8 is dit Hy die Heilige die Here God die Almagtige wat was, wat is en wat kom! Tereg lei Von Meyenfeldt (1960, p. 16) hieruit af: „De geskiedenis begint by de troon van God”. Waarom openbaar God Hom as op die troon? Sy troon versinnebeeld sy „koningschap, en souvereiniteit, en majesteit, Zijne regeering over alle dingen” (Greijdanus, Grosheide & Van Leeuwen, 1925, XIV:p. 120). Hy word deur verteenwoordigers van wêreld en kerk geloof as die Almagtige God wat sy magtige plan „verwerkelyk in de geschiedenis” (Bavinck, 1955, p. 97. Vergelyk ook p. 83 e.v.).

God se raadsplan word voorgestel as 'n boek wat verseël is, wat van binne en van buite beskrywe is want „de wereldgeschiedenis is groot en rijk en vertoont, ook in die veelvuldigheid harer gebeurtenissen, de grootheid Gods”. (Greijdanus, et al., 1925, XIV: p. 132). Alleen die Leeu uit die stam van Juda is waardig om die verseëlde boek oop te maak. As die boek nie oopgemaak word nie sou dit beteken dat „de historie haar loop zou nemen zonder dat iemand onzer in staat was om in dit aangrypende proces enige zin te ontdekken” (Von Meyenfeldt, 1960, p. 17). Maar nou, die Leeu, Jesus Christus die Oorwinnaar, Hy neem die boekrol en Hy ontsluit dit. Jesus Christus laat Gods raad in die geskiedenis in vervulling gaan. Met sy sewe oë wat die sewe Geeste van God is, gaan Hy uit oor die hele wêreld. Jesus Christus en sy Gees in sy volheid voltooi Gods raad in die geskiedenis. Dit moet die gelowige volmondig laat erken „dat God de gehele geschiedenis leidt en bepaalt, dat ze in Hem haar oorsprong en teles heeft en in Jezus Christus haar zingevend centrum bezit”. (Smit, 1955, p. 11. Vergelyk hierby die uitnemende studie van Berkhof, 1962). Geen wonder dat Groen van Prinsterer (1922, p. 6) spreek van „De historie dat ook het vlamvend schrift van den heiligen God is”.

Genoeg hiervan! dit wil sê ons wil nie verder uitwei oor die geskiedenis van die wêreld as die ontplooiing van Gods raad nie. Op grond van Gods

Woord aanvaar ons dit in die geloof.

Die vraag is nou wat is die plek van die kerkgeskiedenis binne die raamwerk van die wêreldgeskiedenis, en wat is die besondere verhouding van Hom op die troon tot die geskiedenis van sy kerk.

Ons soek weer lig by die Woord die principium cognoscendi.

Ons herinner aan Psalm 78. Dit het as opskrif: „Lesse uit die geskiedenis”. Hierdie onderwysing van Asaf is eenaardig. Asaf vertel van Israel hulle geskiedenis. En tog sê Asaf: Ek wil my mond open met ’n spreuk, raaisels uit die voortyd laat stroom (vers 2).

Die nuwe Nederlandse vertaling wat gidoot met „verborgenhede” vertaal, lyk vir ons meer aanneemlik as die Afrikaanse „raaisels”. J. Ridderbos se vrye vertaling „leerriike historien”, is eweneens onaanvaarbaar.

Uit die historiese verhaal soos ontplooi in Psalm 78 is dit baie duidelik waarom die digter Asaf spreek van „verborgenhede”. Wat is die „verborgenhede?” Dit word ontknoop vanaf vers 65: Toe het die Here wakker geword.

Daarmee wil Asaf beklemtoon dat God ontwaak asof uit ’n slaap dit wil sê dat „Hy thans in actie” (Aalders, Gispene & Ridderbos, 1958, p. 298), kom. En Hy kom in aksie omdat Hy die volk van ewigheid af verkies het. Hy het Juda uitverkies (vers 68) en Hy het Dawid uitverkies (vers 70).

Dit is die verborgenhede (raaisels) van die geskiedenis van Israel (Wiskerke, 1955, p. 13). „Het verkiesend welbehagen Gods” (Wiskerke, 1955, p. 13) is die band uit die ewigheid wat God op die troon bind aan sy kerk en die geskiedenis daarvan.

Watter lig werp nou die Nuwe Testament op die verhouding die reële band van die causa prima tot die geskiedenis van sy kerk.

Wanneer Jesus die geskiedenis van sy kerk deur die eeue oorsien vat Hy dit saam in die enkele woorde: En Ek sê ook vir jou: jy is Petrus en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou (Matt. 16:18).

In hierdie woorde lê Jesus die band met sy kerk in die geskiedenis tot by die eindpunt daarvan.

Die woord ekklesië met *kerk* vertaal, is van die werkwoord ekkalein wat beteken om uit te roep. Hierin lê, aldus W.J. Snyman (1948, p. 1) „die eiesoortigheid” van die kerk wat daarin uitkom „dat ’n mens alleen daartoe kan behoort kragtens roeping, en wel soos Godswê”. Hiermee poneer Jesus, net soos Asaf in Psalm 78, dat die kerk en sy geskiedenis nooit losgemaak kan word van God se ewige welbehag wat sy volk in die tyd vergader en institueer tot sy gemeente, sy kerk, sy geroepenes, sy volk. Maar dit is ’n proses wat hom voltrek in die geskiedenis. Dit beklemtoon Jesus as Hy sy werk omskryf as bouwerk (oikodomêsoo). Hy stel dit in die toekomstige tyd. Tereg verklaar Grosheide: „ook bouwen dit is oprichten van een geheel, wyst op organisatie” (Greijdenanus, et al, 1925, 1925, I:p. 199-201). Bouwerk is ’n deeglike beplande voortgang van fondamentlegging tot voltooiing, ’n historiese proses.

Dieselfde vind ons terug in Openbaring 5. Ons het alreeds gewys op die wêreldgeskiedenis as vervulling van die raadsplan van Hom op sy troon. Is daar binne hierdie wêreldplan wat in vervulling gaan, die boek wat geopen is, 'n besondere plek toegesê aan die geskiedenis van sy kerk.

Verse 8 en 9 gee hierop 'n antwoord. In vers 8 word verhaal van die 24 ouderlinge wat voor die Lam neerval en Hom aanbid. Hulle is verteenwoordigers van die kerk van alle eeue.

Die ouderlinge sing 'n nuwe lied. Die lied wat hulle sing beklemtoon dat dit 'n lof en danklied is „gezongen voor de aangebrachte verlossing en verhooging, den Heere tot eere” (Greijdanus, et al., 1925, XIV:p. 139-140). Die *nuwe* spreek van die geheel enige karakter van die verlossing „door den Heere verworven en bewerkt. Nooit tevoren heeft de Here zulk eene wonderbare, heerlijke, en groote vrijmaking tot stand gebracht” (Greijdanus, et al.) Dit lê ook opgesluit in die getallesimboliek van die Heilige Skrif. Vier-en-twintig is 3×4 plus 3×4 . Die drie wat die Drie-eenheid voorstel beklemtoon dat die wêreldkerk sy oorsprong in die Drieëنية God het.

By die oopmaak van die boek, die ontplooiing van Gods raadsplan ontvang die kerk en sy geskiedenis dus 'n besondere plek. En die verteenwoordigers van die kerk die 24 ouderlinge besing daardie geskiedenis, die verlossing van sy duurgekoopte volk uit elke stam, en taal en volk in 'n nuwe lied vir God.

Hierdie lyn wat die Heilige Skrif trek, van die raad van Hom op die troon na die geskiedenis van sy kerk vind weerklank in ons gereformeerde belydenis.

Op vers 54 van die Heidelbergse Kategismus „wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike Kerk?” bely ons, „Dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe vergader, beskerm en onderhou”. Hier word die ganse geskiedenis van die kerk saamgetrek in die Seun van God wat hulle wat uitverkies is, in die tyd vergader, beskerm en onderhou.

Tereg verklaar Wielenga (1947, p. 494) „de waarheid aangaande den Stichter, staat op den voorgrond. Wie in het geloof kerk zegt belydt God”. Ook hier bely die Skrifgelowige dat die diepste oorsaak van die geskiedenis van die kerk „de eene eeuwige raad” is (Wielenga, 1947, p. 496).

Hierdeur kry ons eers die ware visie op die kerkgeskiedenis wanneer ons „de oorsprong in God, door de verkiezing” sien (Wielenga, 1947, p. 497). Hoe skoon pas dan by die vergadering van die kerk in die geskiedenis die woord van Jesaja 43:21: „Die volk wat Ek vir my geformeer het”. By die vergadering van sy kerk in die geskiedenis word dan sy tere sorg van beskerming en onderhouding gevoeg.

In dieselfde lyn lê Vraag en antwoord 123 van die Heidelbergse Kategismus. By die verklaring van die tweede bede „Laat u koninkryk kom”

word onder andere as verklaring gevoeg „bewaar en vermeerder u kerk”. Dit beklemtoon die werk van God in Christus deur sy Gees in die geskiedenis van sy kerk: „uitbreiding naar buiten opbouw van binnen” (Wielenga, 1947, p. 1002).

Dieselfde verneem ons in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 27: „En hierdie heilige Kerk word deur God bewaar of in stand gehou teen die woede van die hele wêreld”. In die lig van voorgaande ag ons dit nie nodig om verder op hierdie belydenis in te gaan nie.

Uit dit wat nagegaan is uit Skrif en Konfessie ten opsigte van die verhouding van God as causa prima tot die geskiedenis van sy kerk, konkludeer ons dan nou die volgende:

(a) Ons moet die kerk en sy geskiedenis veranker in die ewige raad van God se welbehag, in sy uitverkiende genade wat Hy in Christus deur sy Woord en Gees in die tyd in vervulling laat gaan. Niemand deurgond die diepere sin van die kerkgeskiedskrywing as wetenskap, wat nie wortel in en uitgaan van die ewige welbehag van God se verkiesende genade nie. Daarsonder mag daar verhale geskryf word oor die Christelike kerk, wetenskapsbeoefening in skriftuurlike sin, is dit nie. Tereg verklaar Von Meyenfeldt (1960, p. 57): „God werkt eenzelvig. Hij zendt zyn Zoon ... Hy zendt zyn Geest en vergadert zyn gemeente uit alle geslachten en talen en volken. De Heer voert zelf zyn plannen uit. En Hy doet geen half werk, maar al Zijn daden Zijn volkomen”.

(b) Die siening op die verhouding van God tot die geskiedenis van sy kerk word deur die begrip ekklesia bepaal. Tereg verklaar Jedin (1962, p. 3; Kuiper, 1960, p. 26 beklemtoon dit eweneens) „Vom Begriff der Kirche hängen verständnis und Sinnggebung den Kirchengeschichte ab”. Niemand kan die kerkgeskiedskrywing as wetenskap beoefen as nie vasgehou word aan dié waarheid dat die kerk geroepenes is van Godswê: die bruid van Christus, sy liggaam, ’n gebou, opgerig op die Hoeksteen Jesus Christus. Kuiper (1909, III:p. 189) het dit kernagtig saamgevat: „Als lichaam van Christus heeft ze haar oorsprong niet hier, maar in de hemelen; zoekt ze haar einddoel niet in deze bedeeling maar in de bedeeling der heerlijkheid, en bezit ze het haar leven uitstralend niet op aarde, maar in Hem die gezeten is aan de rechterhand Gods”.

(c) God vervul sy raad ten opsigte van sy kerk in ’n sigbare historiese proses, sy bouwerk. Die beoefenaar van die kerkgeskiedenis as wetenskap moet in hierdie historiese proses die raad van God met sy kerk sien, dit naspur en beskryf. So alleen kan die organiese eenheid van die kerkgeskiedenis, Calvyn noem dit die „historiae filium” (Volgens ’n brief van Calvyn 13 Februarie 1557 aan Nydbruck te Weenen oor die *Methodus schribendae historicae ecclesiasticae*. Gepubliseer in Kuiper, 1900, p. 55 voetnoot 125) die draad van die geskiedenis, gehandhaaf word. Wat Bavinck (1918, I:p. 18) sê van die geskiedenis in die algemeen is ook waar van die kerkgeskiedenis: „er is

eenheid, gang, orde, logos in". En Jesus Christus, sy Seun laat hierdie raad in vervulling gaan deur sy Woord en Gees. Dit sny elke sweem van die immanent bepalende van die ideologiese of pragmatiese of positivistiese skool af, maar ook die eensydig transendente van die Deïsme word hiermee onvoorwaardelik verwerp.

4. DIE MENS IN DIE KERKESKIEDSKRYWING

Cromwell is glo vader van die gesegde: „trust God and keep your powder dry". In hierdie uitspraak, aldus Bavinck (1918, II:660) sit daar veel ware vroumheid. Bavinck (1918, II:663) betoog oortuigend dat, hoewel alles en almal in volstrekte sin aan Hom onderwerp is en die mens as tweede oorsaak geheel en al van Hom afhanklik is, die mens as *causa secunda* tog ook „ware, wezenlijke oorzaken zijn". God werk in en deur sy werktuie. Dit is Hy wat in hulle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae. (Filip. 2:13). God begelei en lei en juis dit dwing die *causae secundae* tot „eigene werkzaamheid", in die woorde van Zwingli: „*Providentia Dei causas secundus non tollit sed ponit*" (Bavinck, 1918, II:663). God en mens bly twee onderskeie oorsake, die Eerste vernietig nie die tweede nie „maar schenkt haar juis realiteit, en die tweede is er alleen door de eerste. Ook zijn de *causae secundae* geen instrumenta slechts, geen organa, geen stokken en blokken, maar echte, wezenlijke oorzaken, met eigen natuur, kracht, spontaneiteit, werking en wet" (Bavinck, 1918, II:663).

Teen die agtergrond van hierdie algemene waarheid moet ons nou die vraag beantwoord wat die plek van die mens in die kerkgeskiedskrywing is.

In U lig soek ons weer die lig.

In 1 Kor. 3:9 lees ons van die plek van die mens in die opbou van die kerk: „want ons is medewerkers van God". Die vertaling van Grosheide „want wij werken samen in Gods dienst" en sy verklaring dat die „samen" op die menslike verhoudinge sien is in die verband waarin die vers voorkom onaanvaarbaar (Grosheide, 1954, by 1 Kor. 3:9. Hy laat die „werken samen" by 1 Kor. 3:9 op Paulus en Apollos sien). In die vorige en daaropvolgende verse gaan dit juis oor die verhouding van die mens se werk in die geskiedenis tot God se werk.

Die Afrikaanse vertaling „medewerkers" vir *sunergoi* is aanvaarbaar so-lank ons presies weet wat Paulus daarmee bedoel. Medewerker kan die indruk wek van „a partner in a work" of „a fellow workman" (Liddell & Scot, 1935). So het God sy plek en die mens sy plek waar hy sy deel as 'n soort teenprestasie bydra. Dit is onaanvaarbaar. Die begrip *sunergoi* wys daarenteen op 'n saamwerking, 'n innige verbondenheid tussen God en mens oor die volle linie heen. Dan is die mens as planter of natmaker „niks" (vers 7) maar hy is tog intieme saamwerker, vir elke sekonde, volgens die genade van

God wat aan hom gegee is. Dan kom die plant en die natmaak van vers 7 ook eers in suiwer perspektief. Ook dit geskied nie buite God se genade-werking, sy samewerking, om nie. Tereg wys Calvyn daarop dat Paulus hier veral tweërlei beklemtoon naamlik dat God die mens gebruik as sy werker saam met Hom maar terselfdertyd dat dit wat God bereik met die mens nie uit homself is nie maar deur die genade van God wat in hom werk.

In 1 Kor. 15:58 vermaan Paulus die gemeente om oorfloedig te wees in die werk van die Here omdat hulle weet dat hulle arbeid in die Here nie te-vergeefs is nie. Grosheide laat die „in die werk” nie net sien op „goeie werke in het algemeen” maar ook op arbeid „voor de zaak des Heeren”. (Grosheide, 1954, by 1 Kor. 15:58). In die Here se kerk is die mens ’n arbeider ’n werker.

In Openbaring 5 waarin, soos ons alreeds aangetoon het, die geskiedenis van wêreld en kerk in Jesus Christus ontplooi het, kom dieselfde gedagte, die mens as werktuig van God, na vore. Die vier en twintig ouderlinge gee die mens ’n besondere plek in die geskiedenis as konings en priesters vir onse God.

Tereg wys Greÿdanus (1924, XIV:140, 141) daarop dat dit die gelowiges se roeping in hierdie wêreld beklemtoon as ’n „heerlijken dienst” tot opbou van sy liggaam. Daardie dienst is priesterlike bewoënhed en offervaardigheid en koninklike heerskappy. Mede deur hierdie „menslichen Faktors in Zeit und Raum entsteht die Kirchengeschichte” (Jedin, 1962, p. 3).

Oor wat nou presies die verantwoordelikheid van die mens is in die geskiedenis, met in ag name van die providentia Dei, is daar in die loop van die geskiedenis verskillend geoordeel.

Calvyn het eweneens in die geskiedenis ’n noue verband gesien tussen God se voorsienigheid en die mens se verantwoordelikheid. Calvyn wou egter nie die werk van God en van die mens as ’n soort werkverdeling sien nie. So sou God se mag ingeperk word. Die mens bly ’n verantwoordelike werktuig waardeur God sy raadsplan uitvoer (Vergelyk hiervoor Van der Walt, 1970, p. 29. Vergelyk ook Berger, 1955, p. 216-220).

Popma beklemtoon eweneens dat God die geskiedenis bou maar dit „bouwen Gods”, aldus Popma (1945, p. 40), „maakt den mensch niet tot willoos materiaal, integendeel, Gods bouwmeesterschap maakt den mensch juist tot mensch in den vollen zin des woords”. Schmidt spreek van die kerkgeskiedenis as „ganz Gottes —, aber auch ganz Menschenwerk” (Jedin, 1962, p. 4). Indien Schmidt hieronder verstaan ’n begenadigde mens wat in Christus in volle vryheid en verantwoordelikheid leef en werk kan ons met sy uitspraak akkoord gaan. Die mens het in die providentia Dei ’n groot verantwoordelikheid en word ook deur God tot verantwoording geroep. Daarom dat die onderskeiding van Bihlmeyer (1966, I:8) dat die kerk en kerkgeskiedenis „nicht blöz Menschen —; sondern Gotteswerk ist; nie sonder meer aanvaar kan word nie. Dit het die skyn van ’n dualisme, God doen een deel

en die mens die res. Vandaar sy verdere dualistiese onderskeiding van 'n „Glaubenswissenschaft” en 'n „Geschichtswissenschaft”.

Samevattend konkludeer ons dat die providentia Dei die menslike faktor in die kerkgeskiedenis nie ophef of hom tot 'n willose instrument (Kuyper, 1900, p. 33) maak nie. God wat sy kerk regeer, dit opbou en tot sy einddoel lei werk nie soos 'n Deus ex machina meganies nie maar organies. God heilig mense in sy diens deur sy wederbarende genade.

Dit is waar van die gelowige mens. 'n Belangrike vraag is nou wat van die ongelowige? Wat is die verhouding van God en mens in die kerkgeskiedskrywing ten opsigte van die ongelowige?

Hieroor kan ons baie kort wees. Dit kom daarop neer dat die Here, sonder dat ons Hom outeur van die sonde maak, die sondige mens en sy dae in sy diens gebruik. Die Heidelbergse Kategismus (vraag 26) se woord geld in besonder ook vir die kerkgeskiedskrywing dat die Here „al die kwaad wat Hy oor my in hierdie jammerdal beskik my ten beste bestuur”.

God laat alles meewerk ten goede vir hulle wat Hy liefhet en na sy voorname geroep het. Augustinus (1947, p. 106, 149, 173, 175) het reeds daarop gewys dat God gebruik maak van die slegte wil van die mens tot nut van die heiliges. Berkhof (1962, p. 189) stel dit sterk; „want ook daarin openbaar zich heel bijzonder de heerschappij van Christus waaronder wij leven: dat Hy de demonische krachten niet alleen oproept, maar ook gebruikt, ze ontdeemoniseert, en in zijn dienst stelt”.

Ook deur dit wat teen Gods wil ingaan word Gods raad vervul. In die kerkgeskiedskrywing is hiervan veelvuldige sprekende voorbeelde. Daar is onder andere die bekende hoofstuk dat beide Renaissance en Humanisme, beide 'n vermenging van Christendom en pure heidendom, wegbereiders was tot die Reformasie van die 16e en 17e eeu.

'n Nog sprekende voorbeeld het ons uit die vroeë geskiedenis van die martelare. Ter verdediging van die martelare en die Christendom skryf Tertulianus sy Apologeticum. Daarin doen hy die so bekende uitspraak: „Plures efficitur, quotiens metimur a vobis semen est sanguis Christianorum” (Barkhuizen van den Brink & Lindeboom, 1965, I:87) dit is: Ons word talryker so dikwels as wat ons deur julle gemaai word, die bloed van die Christene is die saad. So het God menslike boosheid sy kerk ten goede laat kom. Hy volbring sy raad „indem er sich der Bösen bedient”. Chambon (1957, p. 159) wys op die treffende voorbeeld van Judas Iskariot wie se „satanische sünde...” tot die mens se verlossing van sonde en duiwel gelei het. Selfs uit die huidige afbraak van ou Skrifwaarhede sien Chambon (1957, p. 160) hoedat God in sy wyse raad ook dit gebruik om veel gelowiges te laat teruggryp na „die Grundwahrheiten der Reformation und auf die Bibel”.

Watter implikasies het hierdie siening op die mens en sy plek in die vervulling van Gods raad vir die kerkgeskiedskrywing? Dit is ingrypend en kan onder drieërlei saamgevat word:

(a) Aangesien ons vanuit Calvinistiese standpunt besien die mens as roepings-
vervuller nooit anders kan en mag sien as 'n begenadigde nie, bewaar dit die
kerkgeskiedskrywer van 'n eensydige mensverheerliking. Hy is wel werktuig
in Gods hand, in diens van die vervulling van sy raad, en vervul also 'n heer-
like roeping, maar hy bly werktuig. Hy bly steeds onderworpe aan die
woorde van Christus: „sonder my kan julle niks doen nie” (Joh. 15:5). Of
dit 'n Augustinus is, of 'n Luther of 'n Calvyn, dit bly sondige mense, en die
disharmonie van die sonde kleeft aan hulle lewe en werke. Wat mense as ge-
roepenes in die geskiedenis tot stand gebring het, word eers in perspektief
gesien as die mens as 'n sondige wese maar daarom juis as 'n begenadigde,
voor God en mens gesien word.

(b) Maar juis omdat dit begenadigde mense is, medewerkers van Hom wat sy
kerk deur die eeue bou en bewaar, moet die ware bouers in hulle arbeid ge-
ëer word. Die kerkgeskiedskrywer moet hulle nagedagtenis as regverdiges tot
'n blywende seën maak vir die kerk van alle eeue (vgl. Spr. 10:7; Hebr.
13:7). Die organiese eenheid van Gods raad eis dat vandag en môre nie los-
gemaak mag word van gister nie. Die kerkgeskiedskrywer mag hom bygevolg
nooit bewustelik skuldig maak aan aftakeling of opsetlike ontluistering nie.
Natuurlik het die kerkgeskiedskrywing te doen met feite wat moet spreek,
maar 'n sonde of swakheid kan so beklemtoon word en uit sy verband ge-
ruk word dat jy daarmee iemand, maklik kan ontluister en aftakel. Tereg sê
Waterink (1966, p. 2) van sodanige ontluistering: „Maar men praat dan niet
meer over mensen van vlees en bloed in hun relatie, in hun tyd, met de
bewogenheden van hun hart en met de liefde die zij gaven en die zij ont-
vingen. En alleen vanuit deze liefde is ook hun leven te verklaren. En zo
wordt het mogelijk, dat ik de daden van een mens beschrijf en toch een kari-
katuur van wat die mens werkelijk geweest is, overhoud”. So 'n kerkgeskied-
skrywing wortel in 'n humanistiese en nie in 'n Calvinistiese siening op die
mens en sy plek in die geskiedenis nie. Dit is nie net 'n oortreding van die
negende gebod nie, maar eweneens 'n miskennening en ontering van God se
roeping en begenadiging van sy sunergoi, sy medewerkers.

(c) Die vyande van die kerk moet in die kerkgeskiedskrywing nooit bloot
fenomenologies of bloot negatief afwysend benader word nie maar moet
steeds positief konstruktief in perspektief gesien word in respecti Dei, en
wel insover ook hulle diensbaar is aan die vervulling van sy plan met sy kerk.

5. DIE PRINCIPIUM COGNITIONIS TEN OPSIGTE VAN GODS RAAD IN DIE KERKGESKIEDSKRYWING

In die lig van die voorgaande is dit wel duidelik dat ons in die kerkge-
skiedskrywing te doen het met 'n lewende God wat deur die bouwerk van
mense sy raad „doorzet, uitvoert, steeds indrukwekkender uit laat komen en

nog altoos bezig is, dien te volvoeren" (Kuyper, 1909, III:264). As gelowige kerkgeskiedskrywer kan en mag ek die geskiedenis tog nooit losmaak van die alomvattende waarheid: 'n lewende God wat sy kerk plant en bou in die wêreld en dit lei na 'n vasgestelde doel.

Kerkgeskiedskrywing is nie net 'n aaneenskakeling van 'n reeks feite nie, dit mag 'n kerkhistoriese verhaal wees maar „wetenskap is het niet" (Kuyper, 1900, p. 8).

Dit stel ons voor 'n vraag van ingrypende betekenis: hoe kom die kerkgeskiedskrywer tot 'n beslissing waar en wanneer die mens na die raad en wil van God 'n positiewe medewerker, 'n bouer is aan die vervulling van Gods raad met sy kerk.

In die mens en sy sondige werke moet met ander woorde die „buitensamenstelling" (Kuyper, 1909, III:265) onderskei en beskryf word. Die kerkgeskiedskrywer moet daartoe kom om sy stof „in seinem Wesen zu begreifen" (Chambon, 1957, p. 9).

Die sleutel tot deurgroding van die diepere sin, die Goddelike lyn in die kerkgeskiedenis en die medewerking van die mens daarin, het Jesus self aan ons gegee in die derde bede: laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.

Van vroeg af is dit 'n vraagstuk of ons hier te doen het met God se wil as sy ewige raadsbesluit of sy bevelende wil. Om volledig hierop in te gaan is binne die beperking van hierdie studie onmoontlik. Kuyper onderskei hier tussen die verborge wil en geopenbaarde wil van God. Die bede sien dan op die geopenbaarde wil, die gehoorsaamheid aan Gods Woord (Kuyper, 1905, IV:p. 483 e.v.). Hierdie skeiding tussen raadsbesluit en geopenbaarde wil is vir ons onaanvaarbaar, trouens, Kuyper (1905, IV:487) besef self sy probleem as hy later konkludeer dat die besluitende en gebiedende wil van God „soms saamhangen en als dooreengevlochten liggen".

Die verklaring van B. Wielenga is vir ons die mees aanvaarbare. In die bede, aldus Wielenga, is geen teëstelling selfs geen skeiding nie. „Wanneer Gods raad geopenbaard word" aldus Wielenga „richt die raad zich terstond op onzen wil, namelijk met den eisch dat wij erkennen, waardeeren en doen".

En omdat niks gebeur buite en teen Gods raad nie pas die gebed, aldus Wielenga (1947, p. 1010) „dat de geschiedenis haar loop en vervulling hebbe" mede deur die mens wat sy wil moet volbring. Trouens beide gedagtes word deur Paulus verbind in Ef. 1:11 waar hy spreek van Christus wat alles werk „volgens die raad van Sy wil". God se raad en die deurwerking van sy wil realiseer dus in die geskiedenis.

En dit gee ons die sleutel tot die verstaan van die diepere sin en beoordeling van die kerkgeskiedenis. Feite moet getoets word aan die Wil van God dit wil sê aan sy Woord.

Gods weg met sy kerk is daar waar die mens in gehoorsaamheid aan sy Woord sy roeping volbring. Hy wat kerkgeskiedskrywing as vakwetenskap in

die sin van die Skrif wil beoefen moet “Zich voortdurend zetten tot eerbiedig en zelfverloochenend luisteren naar de Schrift, want Gods Woord alleen is die “principium cognitionis ook voor de kerkgeschiedenis” (Berkhof & De Jong, 1950, p. 10). Daar waar die Koningswoord werk is die Koning Jesus Christus besig om sy kerk te vergader en te bewaar. Hieruit vloei logies die konfessionele karakter van die kerkgeskiedskrywing waarop ons nie verder ingaan nie. Dit bewaar die kerkgeskiedskrywer van kerkisme. Dit bewaar hom daarvan dat hy, met eerbied gesê God voor sy karretjie span dit wil sê dat hy volgens eie smaak en simpatieë God se raad in vervulling sien gaan. Waar die Woord principium van beoordeling is word hierdie vorme van subjektivisme uitgeskakel. Van der Merwe (1971, p. 218) stel dit volkome juis as hy beweer „sonder die lig van Gods Openbaring is geen mens in staat... om feite na hul diepste sin te dui nie”.

Hierdie waarheid word onderstreep deur wat Paulus skryf in die reeds vermelde 1 Korinthiërs 3. Die dienaars van Christus is medewerkers van God maar hierdie medewerking moet aan bepaalde eise voldoen. Hy mag nie bou met goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels nie (vers 12) maar met die Woord van God alleen.

Met die Woord in die hand deurgrond hy die diepere sin van die gebeurde en plaas hy dit in die groot lyn wat loop in die geskiedenis, die boek wat geopen is, die raad van God wat in vervulling gaan.

6. SLOTOPMERKING

Dit is my opgelegde taak om die hand van die jong man en jong dogter te neem en saam met hulle in die pad van die geskiedenis te val. Gewoonweg loop die pad langs jaartalle, kerkvaders, konsilies, Augustinus, Luther, Calvin, ens. verby. En dit is my voorreg om op daardie pad met God se Woord hulle oog oop te maak sodat hulle die Here in sy werke sal ken. Daartoe dien die geskiedenis van sy kerk.

In die boek Job wat Smit (1955, p. 10) noem „dit geschiedfilosofisch zo belangrijke boek” het ons ’n sprekende bevestiging hiervan. Job het geworstel met Gods raad in sy lewe. Hy kon sy weë nie verstaan nie, dit was alles vir hom te wonderbaar, (42:3) onbegryplik. Eindelik het hy tot rus gekom toe hy in alles God gesien het (42:5). „Wat Jobs oog gezien heeft” aldus Kroeze (1961, p. 467-468) „is de grootheid de majesteit, de heerlijkheid Gods... Hy buigt zich voor de soevereiniteit Gods”. Soortgelyke getuienis lewer Asaf in Psalm 73. Hy worstel met die raaisels van God in die geskiedenis. Eers wanneer hy in die heiligdom van God ingaan leer hy Hom ken in sy weë en werke. En wanneer hy Hom so leer ken in die geskiedenis vind hy rus in Gods raad en word God vir hom die rots van sy hart. Van die beoefening van die Kerkgeskiedenis as wetenskap in skriftuurlike sin gaan ook ’n op-

voedende en vormende krag uit. Ons moet God uit sy werke leer ken. Die wete dat ek hiertoe diensbaar kan wees skenk my enkel vreugde. Moet die vak Kerkgeskiedenis in die verbondsonderrig op Katkisasie nie veel meer tot sy reg kom nie?

Tweedens is dit my voorreg om in die lig van die verhouding mens tot God in die kerkgeskiedenis by jong manne toekomstige bedienaars van die goddelike Woord, 'n entoesiasme op te wek vir hulle lewensroeping. In ons roepingsvervulling by die hede, is ons, die draers van die lewendmakende Woord van die opgestane Christus, in die geskiedenis van die kerk organies ingeskakel. Ons is medewerkers aan die vervulling van sy raadsplan. Hy laat ons maar net vir 'n korte tyd op die toneel verskyn tot roepingsvervulling. En dit is 'n roepingsvervulling gelaai met heilige entoesiasme want elke dag, elke sekonde in sy diens is om medewerker te wees aan die vervulling van sy raad en om esgatologies vooruit te gryp na die telos die einddoel van die geskiedenis, die volmaking van die liggaam van Christus, van sy skare wat niemand kan tel nie.

Kerkgeskiedenis in skriftuurlike perspektief gesien roep bygevolg op tot „een heilig enthousiasme” (Kuyper, 1900, p. 24).

Skepsis, swarmoedigheid oor die toekoms, uitsigloosheid, angs in 'n rewolusionêr swangere wêreld! Nee, 'n nihilistiese ondergangstemming pas nie by die kind van die Here nie. Ons laat ons lewenshouding en uitkyk nie beheers deur 'n „Nietscheaanse sinloosheid nie: „Alles geht, alles kommt zurück, ewig rollt das Rad des Seins. Alles stirbt, alles blüht wieder auf ewig läuft das Jahr des Seins” wat hom bring tot die slotsom van 'n aardsgebonde sinloosheid: „Krumm ist der Pfad der Ewigkeit” (Nietzsche, 1962, p. 24).

Nee, ons is vervul met 'n heilige „optimismus” (Chambon, 1957, p. 161): Die Here regeer, nie langs die „krumm pfad” van Nietzsche maar volgens 'n vaste orde. En dit is nie maar 'n „Rad des Seins” wat waggelend voortstompel nie, dit is sy raad, met sy duurgekoopte bruid, wat in vervulling gaan, en ons doen sy werk, totdat die „Endvollendung der Kirchengeschichte am Ende aller Geschichte” (Chambon, 1957, p. 161) sal aanbreek.

Vol optimisme leef en werk ons elke dag, 'n skakel in die lang ketting van sy raadsplan. In die geloof en liefde een met Hom op sy troon vanwaar Hy sy raad in vervulling laat gaan. In die hoop solidêr met die 24 ouderlinge, die kerk van alle eeue, wat neerval om Hom te aanbid wat lewe tot in ewigheid.

VERWYSINGS

AALDERS, G.C., GISPEN, W.H. & RIDDERBOS, J., *reds.*, 1958. *Commentaar op het Oude Testament*. Kampen, Kok.

ACQUOY, J.G.R. 1910. *Handleiding tot de kerkgeschiednavorsching en kerkgeschiedschrijving*. 2e dr. s'Gravenhage, Nijhoff.

AUGUSTINUS, A. 1947. *De staat Gods*. Kampen, Kok.

BARKHUIZEN VAN DEN BRINK, J.N. & LINDEBOOM, J. 1965. *Handboek der kerkgeschiedenis*. Den Haag, Bakker. 2dle.

BAVINCK, H. 1918. *Gereformeerde dogmatiek*. Kampen, Kok. 2dle.

BAVINCK, J.H. 1955. *En voort wentelen de eeuwen; gedachten over het boek der Openbaring van Johannes*. 2e dr. Wageningen, Zomer & Keunings.

BERGER, H. 1955. *Calvin's Geschichtsauffassung*. Zürich, Zwingli- verl.

BERKHOF, H. 1962. *Christus de zin der geschiedenis*. Nijkerk, Callenbach.

BERKHOF, H. & DE JONG, O. 1950. *Geschiedenis der kerk*. 5e dr. Nijkerk, Callenbach.

BIHLMAYER, K. 1966-'69. *Kirchen Geschichte* 18 Aufl. Paderborn, Schöningh. 3dle.

CHAMBON, J. 1957. *Was ist Kirchengeschichte; Mass-stäbe und Einsichten*. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht.

CHRISTELIJKE Encyclopaedie. 1956-'61.

DE CHARDIN, T. 1972. *God en wêreld dualiteit - Teilhard de Chardin* (*In* Van Dyk, M.P. *Afscheid van de polarisatie*. Kampen, Kok. p. 57-69.

GREIJDANUS, S., GROSHEIDE, F.W. & VAN LEEUWEN, J.A.C. 1925. *Kommentaar op het Nieuwe Testament*. Amsterdam, Van Bottenburg.

GROEN VAN PRINSTERER, G. 1922. *Ongeloof en revolutie; een reeks van historische voorlezingsen*. Kampen, Kok.

GROSHEIDE, F.W. 1954. 1 Kor. 3:9 en 15:58 (*In Aalders, G.C., Van Gelderen, G., Greidanus, S., e.a., 1922-1960. Korte verklaring der Heilige Schrift, met nieuwe vert. Kampen, Kok.*).

HARTVELT, G.P. 1971. Over het geheim der geschiedenis. *Centraal weekblad*, 23:1.

JEDIN, H., red. 1962. Handbuch der Kirchengeschichte. Freiburg, Herder. 6 dle.

KLAPWYK, J. 1970. Tussen historisme en relativisme; een studie over de dynamiek van het historisme en de wijsgerige ontwikkelingsgang van Ernst Troeltsch. Assen, Van Gorcum. Proefskrif – Vrije Universiteit, Amsterdam.

KROEZE, J.H. 1961. Commentaar op het Oude Testament: Het boek Job verklaard. Kampen, Kok.

KUYPER, A. 1908-1909. Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid. 2e herz. dr. Kampen, Kok. 3dle.

KUYPER, A. 1904-1907. Evoto Dordraceno; toelichting op den Heidelbergsche Catechismus. Amsterdam, Höveker & Wormser. 4 dle.

KUYPER, H.H. 1900. Het gereformeerde beginsel en de kerkgeschiedenis. Rede gehouden bij de aanvaarding van het hoogleeraars ambt in de theologie van de Vrije Universiteit te Amsterdam, op 26 Januari 1900. Leiden, Donner.

LIDDELL, H.G. & SCOTT, R. 1935. Lexicon; abridged by Liddell und Scott's Greek. English lexicon. Oxford, Clarendon Press.

MEINECKE, F. Die Entstehung des Historismus, soos aangehaal deur Klapwyk, J. 1970. Tussen historisme en relativisme. Assen, Van Gorcum p. 1.

MEYENFELDT, F.H. von. 1960. Kerkelijk vooruitzicht. Wageningen, Zomer & Keunings.

NIETZCHE, F.W. 1962. Also sprach Zarathustra III. (*In Berkhof, H. Christus de zin der geschiedenis. Nijkerk, Callenbach. p. 24*).

NIGG, W. 1934. Die Kirchengeschichtschreibung; Grundzüge ihrer historischen Entwicklung. München, Beck.

PANNENBERG, W. 1972. God en de eenheid van deze wereld. (In Van Dyk, M.P. Afscheid van de polarisatie. Kampen, Kok. p. 24-36).

POLAK, F. 1955. De toekomst is verleden tyd; cultuur-futuristiese verkenning. Utrecht, de Haan. 2dte.

POPMA, K.J. 1945. Calvinistiese Geschiedenisbeskouing. Franeker, Wever.

SMIT, M.C. 1955. Het goddelijk geheim in die gesiedenis. Kampen, Kok. (Inouguerele rede, Vrije Universiteit, Amsterdam).

SNYMAN, W.J. 1948. Die gebruik van die woord „kerk” in die Nuwe Testament. Rede, 29 Nov. 1948. Potchefstroom, Die Westelike Stem.

SÖLLE, D. 1972. God en het proses van deze wereld. (In Van Dyk, M.P. Afscheid van die polarisatie. Kampen, Kok. p. 9-21).

TILLICH, P. 1972. God en die grond van deze wereld. (In Van Dyk, M.P. Afscheid van die polarisatie. Kampen, Kok. p. 41-54).

VAN DER MERWE, N.T. 1971. Objektiviteit, sekularisasie en geskiedenis. (In Truth and reality; philosophical perspectives on reality, dedicated to Prof. Dr. H.G. Stoker. Waarheid en Werklikheid. Braamfontein, De Jong. p. 200).

VAN DER WATT, P.B. 1970. Die geskiedbeskouing van Calvyn. *Ned. Ger. Teol. Tydskrif*, 11(1):28-30.

VAN DYK, M.P. 1972. Afscheid van die polarisatie; vernieuwde aandaght voor die relatie God-wereld in die Bijbel. Wandeling door die nuwe teologie. Kampen, Kok.

VAN MEYENFELDT, F.N. Kyk MEYENFELDT, F.H. von.

WATERINK, J. 1966. Ontluistering. *Centraal weekblad*, 14(20/21):2

WIELENGA, B. 1947. Onze Catechismus. Kampen, Kok. 2 dte.

WISKERKE, J.R. 1955. Volk van Gods keuzte. Goes, Oosterbaan & Le Cointre.

ZUIDEMA, Z.U. 1948. Der mensch als historice. Franeker, Wever.